# Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- Het jy al ooit iets oopgemaak wat leeg was. Dalk 'n boks koekies? Hoe het jy gevoel?
- Het jy al verwag om iets slegs oop te maak, maar dan was dit eintlik goed? Byvoorbeeld 'n rekening wat afbetaal is. Hoe het jy toe gevoel?

Hierdie soort ontdekkings kan ons verras of bly maak, maar dit kan ook die teenoorgestelde uitwerking hê en ons skok of hartseer maak. Vandag gaan ons 'n baie belangrike verhaal in die Bybel lees: Maria Magdalena gaan by 'n leë graf opdaag waar sy Jesus se liggaam verwag het.

## WONDER

Lees Johannes 20:1-18 saam.

Gesels saam:

- Verbeel julle julle is Maria Magdalena wat by die leë graf aankom. Wat sou julle gedink het? En hoe sou julle gevoel het?
- Wat het verander toe Maria besef dat dit Jesus is wat met haar praat?
- Wat dink julle beteken Jesus se opstanding vir ons?

## WEES

Julle gaan as huisgesin saam "opstandingskoekies" bak en die verhaal van Jesus se opstanding lees. Volg die aanwysings op **hierdie webtuiste (https://www.allrecipes.com/recipe/11317/easter-story-cookies/)**.

WEGSTUUR

Deel die koekies en die verhaal met ander.